

RIGLYNE VIR DIE TOEKOMSTIGE BEPLANNING VAN DIE KAMPUS

Intreerede van professor B.J. Britz

**Departement Argitektuur
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
25 Augustus 1993**

**DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT
BLOEMFONTEIN**

ISBN 0 86886 505 2

Wat om met die blou Mercedes aan te vang - oftewel RIGLYNE VIR DIE TOEKOMSTIGE BEPLANNING VAN DIE KAMPUS

"Campus design is a civic art that resonates with meaning and significance for our culture. The Greeks had their agora, the Romans their forum, the Middle Ages their cathedral and town square, the Renaissance their palaces and enclaves for the privileged, and the 19th century their centers of commerce, transportation and government. The campus is uniquely our generation's contribution to communal placemaking and placemarking." (Dober, 1992: 280)

By die opdraggewing vir 'n gebou wat die karakter van een van die universiteite se kampus radikaal sou verander, het die rektor beveel dat die beplanning nie met die studente bespreek moes word nie: "Hulle is net 'n klein rukkie hier en verstaan nie veel van wat hier aangaan nie." Die jong argitek het 'n ander agenda gehad. Hy wou dat studente uit hierdie gebou se samehang iets van die universiteit sou begryp. Hy het toe maar in die geheim gereeld met die studente gekonsulteer. Hierdie gesprekke het die beplanning van die gebou betekenisvol beïnvloed. Die rektor, wat alles van studente se behoeftes geweet het, het afgetree voor met die bouwerk begin is.

Hierdie ondervindinkie illustreer dat, om by kampusontwerp betrokke te raak, beteken om jou kop in 'n bynes te steek. Op 'n universiteit is daar baie slim mense. Hulle intelligensie beteken soms ongeduld. Hulle wisselings geskied gewoonlik ook vinniger as die pas waarteen omgewings ontvou. Kampusontwerp is nogtans 'n uiters belangrike aangeleentheid. Dit raak ons almal en gaan hier onder die volgende hoofde bekyk/bespreek word:

1. Argitektuur en die skepping van menslike ekologie
2. 'n Konteks vir studente
3. Universiteit en stad
4. Kenmerke van die universiteitstad
5. Probleme in 'n stad van eilande en ivoortorings
6. Benaderings
7. Riglyne

ARGITEKTUUR EN DIE SKEPPING VAN MENSLIKE EKOLOGIE

Die meeste mense dink dat argitekte mens is wat planne teken, waarvolgens geboue dan opgerig word. As 'n gebou opval, dan word geglo dat dit "argitektuur" moet wees. (Baie argitekte dink ook maar so!) Eintlik is argitektuur

'n aktiwiteit wat bedoel is om menslike ekologie te skep. Die woord ekologie het sy stam in die Griekse woord "oikos" vir huis; dus nie onvanpas as van argitektuur gepraat word nie. Mens dink gewoonlik aan plante en diere wanneer ekologie genoem word. Hierdie begrip wat verwys na die gebalanseerde en harmonieuse verwantskap tussen lewende wesens en hulle omgewing, word nogtans ook deur sosioloë oor mense gebruik. Mens moet daaraan dink dat die mens ongeveer die enigste lewende wese op aarde is, wat tussen die poolsirkels en die woestyne kan beweeg en dié gebiede dan ook bewoon. Hierdie brose wese, wat deesdae selfs in die onherbergsame buitenste ruimte rondvlieg, is nie soos plant en dier aan 'n bepaalde omgewing gekoppel nie. Van die vroegste tye af het hy vir hom in elke hoekie van die aarde 'n tuiste gemaak. Die sosiologie leer dat die mens se welstand nie net gekoppel is aan die ondersteuning van sy fisiese omgewing nie, maar ook aan sy interaksie met ander mense as individue en groepe. Behalwe 'n toepaslike fisiese omgewing, benodig die mens dus nog sosiale, intellektuele en emosionele ondersteuning uit sy konteks. So gesien, is 'n goedbeplande universiteitskampus 'n model voorbeeld van die soort landskap waarin die mens na liggaam en gees sou kon floreer.

'N KONTEKS VIR STUDENTE

In Suid-Afrika is 'n klein groepie mense bevoorreg om aan 'n tersiêre inrigting te studeer. (In 'n sogenaamde wennende land soos die VSA, bring 40% van die bevolking 'n jaar of meer aan so 'n instelling deur. Dober, 1992: 3) Dié klein persentasie wat verder studeer, bring mee dat Suid-Afrikaanse studente hoofsaaklik voorberei word om die rol van werkskeppers en leiers in die talle fasette van die gemeenskap te vervul. Hierdie siening van die student as 'n toekomstige leier kontrasteer met die populêre idee van die universiteit as 'n plek waar jy vir 'n beroep voorberei word deur meer en meer van minder en minder te leer. Dit kan ook gesê word dat die kompakte en intieme Suid-Afrikaanse universiteit dikwels in die verlede daarin geslaag het om bevoorregte jongmense uit 'n landelike omgewing te begelei tot ontluikende leierskap.

Brunowski het 'n raak spesifikasie gegee vir die soort van afgeronde leier/entrepreneur waaraan daar 'n behoefte is en wat op die universiteit gevorm behoort te word: " - dexterous, observant, thoughtful, passionate, able to manipulate in the mind the symbols of language and mathematics both, the visions of art and geometry and poetry and science." (Brunowski, 1973: 20)

In die toekoms gaan 'n stygende aantal studente gedepriveerde mense in die volste sin van die woord wees. Hulle sal vertrouwd gemaak moet word met 'n kombinasie van gespesialiseerde kennis en spesifieke vaardighede. Daarbenewens moet hulle vermoëns ontwikkel om in 'n snelveranderende stedelike konteks soepel en pro-aktief op te tree. Vir mense wat in hulle lewens

dikwels rolle sal moet speel wat weinig met hulle oorspronklike beroepskeuse te make het, is dit nodig dat studie en navorsing enersyds lewenslange ingesteldhede word. Andersyds moet kontak en omgang met idees en mense 'n lewensreël word. Alleen spesifieke soort omgewings bevorder dié genoemde houdings posities.

UNIVERSITEIT EN STAD

Alvin Toffler het in sy boek "Powershift" aangedui hoe dat op die rand van die 21ste eeu, mag in die wêreld getransformeer en beheer word deur kennis. Geweld en rykdom was tot onlangs die sleutels tot mag. Maar nou het Winston Churchill se voorspelling, toe hy gesê het: "... empires of the future are empires of the mind.", waar geword. (Toffler, 1990: 9,10) Daarom kom soveel jongmense vandag universiteit toe op soek na die kennis wat hulle in 'n magsposisie sal plaas. Watter soort plek moet 'n universiteit wees om hierdie soeke na kennis te bevredig? Christopher Alexander is van mening dat die ideale universiteit 'n mark is. Hy praat ook daarvan as 'n netwerk van winkelveenstergeboue. (Alexander, 1977: 103) Mark en winkelveusters dui op blootstelling aan 'n wye verskeidenheid keuses. Dit herinner ook aan die Amerikaanse argitek, Louis Kahn, wat gesê het: "A city is a place where a small boy, as he walks through it, may see something that would tell him what he wants to do his whole life." (Norberg-Schulz, 1985: 51)

Die gevierde Lewis Mumford koppel ook stad en universiteit. Sy siening is dat die stad se wesenlike funksie - die verruiming en oorlewering van kulturele erfenis - vandag hoofsaaklik in die universiteitstad vergestalt word (Mumford, 1984: pl 56). Vanaf sy ontstaan gedurende die Middeleeue was die universiteit stad binne die stad. So was die DNA-kodes van die gebalanseerde stad weer in die universiteit te vinde. Mumford het daarop gewys dat die komponente van die stad, "...temple, arena, gymnasium, campanile, theatre, 'palace', park and even (in the dormitories) the monastery", algar op die kampus voorkom. Die plaaslike kampus het selfs 'n hospitaal.

KENMERKE VAN DIE UNIVERSITEITSTAD

Vra mens hoe die kampus stad moet wees, is Kahn se insigte waardevol. Hy meen die essensie van die stad is daarin geleë dat dit **ontmoeting** en **keuse** bevorder. Van die stad sê hy daarom, dat dit 'n plek is waar die mens sy individuele identiteit verkry uit sy ontmoetings binne dikwels komplekse en teenstrydige verhoudings. Die stad self word 'n vertoonstuk van die werklikhede van die wêreld en maak op dié manier keuses moontlik. (Norberg-Schulz, 1985: 69)

Kahn vra dan **hoe** 'n stad hiermee bedoel word en beantwoord self sy vraag deur te verklaar dat dit eienskappe van digtheid, verskeidenheid en kontinuïteit moet vertoon. (Norberg-Schulz, 1985: 69) Die universiteit is natuurlik by uitstek die plek waar so 'n verdigting van 'n wye verskeidenheid individue en essensiële werklikhede moontlik word. Waar dit gerealiseer word, gedy student en dosent. Onder ideale omstandighede word 'n "kritiese massa" verkry waardeur kreatiewe kragte ontketen word. Uitnemende onderrig en navorsing word dan 'n werklikheid. Die beeld van 'n aantal stukke brandhout wat rondlê, illustreer wat hier gebeur. Om 'n vuur tot brandpunt te bring, moet die stompe op 'n sekere manier saamgepak word. Hierdie gedagte is grafies mooi geïllustreer deur 'n reeks diagramme van die Indiese argitek, Charles Correa. Uit hulle word dit duidelik hoe die individualis wat in die klein dorpie deurgaas as 'n idioot, in die grootstad kan blyk 'n Einstein te wees. In hierdie opset kom so 'n persoon nie alleen tot sy reg nie, maar begin om tesame met gelykgesindes die omgewing te verander. (Correa, 1989: 78)

Die konteks waarin ontmoeting en keuse moontlik word, het sekere fisiese eienskappe. Dit moet 'n spesifieke identiteit en struktuur hê om sulke toestande aan te moedig. Die bewoner en gebruiker moet verstaan hoe die plek saamhang, hoe dit gebruik kan word en dit as ondersteunend ervaar. Hy/sy moet die karakter daarvan as positief ervaar en daarmee kan identifiseer. Lang, swak verligte gange, warm boomlose pleine of gevaarlike voetgangerweë sal byvoorbeeld as negatief beleef word. Norberg-Schulz het daarop gewys dat **identifikasie** beteken om "vriende te maak met 'n sekere omgewing." (Norberg-Schulz, 1985: 8)

Om met iemand bevriend te wees, beteken dat jy die persoon ken en met sy belange identifiseer. Kevin Lynch het daarop gewys dat, om 'n stad te ken en daarmee te kan identifiseer, daar vyf aspekte is wat in 'n duidelike en sterk verhouding tot mekaar moet staan. Daardeur word die stad "leesbaar", "sigbaar" of, soos hy dit stel "imageable", d.w.s. mens kan vir jou self 'n beeld van so 'n plek in jou gedagte maak; die plek dadelik herken en jou pad sonder moeite daarin vind. Lynch se vyf elemente, paaie, randstroke, kwartiere, knooppunte en bakens, moet 'n "Gestalt" of 'n geïntegreerde geheel vorm, sodat daarmee geïdentifiseer kan word. (Lynch, 1960:9)

Die meeste groot stede word almeer as onvriendelik ondervind. Groot sukses is in die laaste dekades oor die hele wêreld ondervind met die omskepping van stadskerne in voetgangersones. Stede wat voorheen deur die indringing van die motorvoertuig gedisintegreer het, beleef nou 'n toestroming van voetgangers. Professor Wallace van Zyl het vier eienskappe gedefinieer, wat onontbeerlik is vir

sukcesvolle voetgangersones: sentraliteit, toeganklikheid, gerief en geselligheid. (Van Zyl, 1986: 16)

Met **sentraliteit** bedoel hy konsentrasie, spesialisasie, keuse en die hoogste gehalte sosio-ekonomiese aktiwiteite in die voetgangergebied. **Toeganklikheid** verwys na die optimum moontlike en werklike interaksies in die stadskern. **Gerief** dui op die bevordering van bestaande en potensiële skakelings tussen mense en aktiwiteite. **Geselligheid** koppel hy aan die begrip "mark". Daar verwag die voetganger veiligheid, stimulus, ontspanning, deelname, seremonie en oriëntasie.

Versigtige vergelyking dui daarop dat wat van Zyl eintlik besig is om te doen, is om , met die behulp van Christopher Alexander se bevindinge, die eienskappe van Kahn se stad te omskryf.

As aanvaar word dat die universiteit op sy beste 'n mikrokosmos van die gesonde stad is, kan daar na 'n klompie aspekte van die plaaslike kampus gekyk word om te sien of dit stadseienskappe vertoon.

PROBLEME IN 'N STAD VAN EILANDE EN IVOORTORINGS

Vir die doel van 'n oorsig oor die stedelikheid van die kampus word die modelle van Lynch en van Van Zyl gebruik. Die opmerkings wat volg is gebaseer op die waarnemings van 'n klas vierdejaar argitektuurstudente en 'n aantal besoekende stedelike ontwerpers. Sodoende is die insigte van 'n klein groep gebruikers en 'n aantal professionele waarnemers getoets. Dit val op dat die reaksies en voorstelle 'n merkwaardige ooreenkoms toon met 'n reeks verslae oor kampusontwikkeling, wat die laaste paar dekades die lig gesien het.

Vooraf moet dit gesê word dat latere kommentaar teen die agtergrond van 'n aantal positiewe aspekte van die kampus gesien moet word.

Die gebruiker van die Universiteit het te doen met goedgevestigde kampus, bestaande uit meestal behoorlike geboue en 'n funksionele munisipale infrastruktuur. Vergelyk mens die kampus met 'n stad, sou die onderrigruimtes, kantore en laboratoria seker die ekwivalent van die kantoorgeboue en fabriek daarstel. Feitlik al die elemente van 'n stad, soos deur Mumford geskets, is teenwoordig: 'n prominente hoofgebou met sy kloktoring en monument daarvoor, 'n biblioteek, 'n teater, 'n arena, 'n konsertsaal, 'n ontspanningsentrum met binneshuise sportgeriewe, kafeteria en restaurante, 'n administratiewe sentrum, 'n hospitaal, 'n kerk, 'n groot hoeveelheid behuising en uitgestrekte sportvelde. Pleine en omvattende beplanting kom voor.

Deurdat die hoofgebou met sy toring op "die Bult" sit, pas dit goed in by 'n beplanningsbeginsel wat uit Bloemfontein se vroegste tye dateer: die stad lê in 'n holte en meeste van sy belangrikste strate eindig teen hoogliggende torings.

Akademielaan is die verlenging van St Andrewsstraat, en eindig teen, wat iemand beskryf het as "die kroonjuweel van die kampus". So word die "Gestalt" van die stad, soos deur Lynch gesien, versterk en meer verstaanbaar gemaak. Soos die kerkoring 'n plattelandse dorp om hom verenig, so sou die toring van die hoofgebou die kampus om hom kon "versamel", indien sy prominensie weer herstel sou word. In die breë vorm die kampus egter 'n geheel, waardeur dit wel as 'n kwartier van die stad beskou kan word.

n Ontleding van die verhoudings van gebruike op die terrein toon 'n moontlikheid vir sentralisasie soos deur Van Zyl uitgewys. Toeganklikheid en gerief is hoofsaaklik tot die voordeel van motorvoertuie beperk. Geselligheid is in die meeste gevalle geïnternaliseer in geboue. Daar is wel duidelik daarna gestreef om die kampus aantreklik te maak met tuine en fonteine. Die kampus kom ook goedversorg en netjies voor.

Dit is duidelik dat daar op stadiums beplan was om 'n samehangende beeld aan die kampus te gee. Tans is die los plasing van geboue sodanig dat dit die moontlikheid bied om die geheel weer in 'n verstaanbare netwerk te orden.

Kyk die belangstellende na die kampuslewe, kom van tyd tot tyd kommentaar voor oor 'n gebrek aan 'n akademiese kultuur, swak klasbywoning, swak besoek van kunsuitstallings, konserte, teateropvoerings en lesings soos hierdie een. Sommige studente sê hulle identifiseer eerder met hulle koshuis of die departement waar hulle studeer, as met die universiteit. Die vraag ontstaan dan of die fisiese samestelling van die kampus moontlik bydra tot die kommunikasiegebreke.

Eerstens moet na die geheelbeeld of "imageability" van die kampus gekyk word. Daar is ook van die "Gestalt" van die kampus gepraat. 'n "Gestalt" is 'n geheel wat meer is as die som van sy dele. Funkisioneer die kampus as 'n menslik ekologiese geheel, groter as al die geboue, paaie en ander komponente?

'n Mens kan jou gewoonlik oriënteer ten opsigte van 'n gebied wat as 'n geheel ervaar word. 'n Vierdejaars student skryf: " 'n Mens is nooit seker of jy op die regte pad is nie. 'n Persoon wat die kampus vir die eerste keer besoek, loop 'n groot risiko om te verdwaal." Nie net eerstejaars en nuwe professore beleef die terrein as 'n soort doolhof nie! Onkunde oor wat op die res van die terrein aangaan, kom dikwels voor by persone wat al lank op die kampus werk of studeer.

Om bietjie skerper te fokus, word Lynch se komponente, paaie, randstroke, kwartiere, knooppunte en bakens in hierdie oorsig gebruik om te bepaal of die kampus 'n geheelbeeld vorm.

Paaie

Breë teerpaaie, eilande en groot en klein parkeerareas maak 'n belangrike deel van die indruk van die kampus uit. Paaie wat eintlik moet verbind, verdeel die terrein. Groot verkeerssirkels en eilande disoriënteer en word soms deur motoriste geïgnoreer. Op die oomblik is daar geen oorskoubare hiërargie van bewegingsroetes nie. Wye strate soos die Senaatstrate is byvoorbeeld doodloopstrate.

Randstroke

Die oorbeklemtoning van grense sny die kampus van die stad af. Daardeur voel die kampus al minder deel van die stad.

Kwartiere

Toe die universiteit met die stad verbind was deur Akademielaan en St Andrewstraat, was die verhouding van die kampus as 'n kwartier van die stad beter gedefinieer. Deur die huidige afsnyding het albei se identiteite skade gely. Hierdie verhouding kan natuurlik maklik herstel word, al is dit net op 'n voetgangersvlak.

Geboue op die kampus wat saam behoort, vorm gewoonlik geen geheel nie. Hulle kom al te dikwels as los objekgeboue, sonder verwantskap met mekaar, voor; mens sou van ivoortorings kon praat. Die Biblioteek en Landbougebou is goeie voorbeelde van hierdie soort verhouding tot ander geboue. Waar 'n geleentheid bestaan het dat groepe geboue interne identifiseerbare kwartiere of distrikte kon vorm, is die moontlikheid deur skaalverskille en kontrasterende materiaalgebruik in die wiele gery. Die C R Swartgebou sou saam met die van der Merwe Scholtzsaal en Skakelburo 'n samehangende Presidentsplein kon omsluit, as dit nie vir hierdie teenstrydighede was nie.

Die motor bly die grootste sondaar. Roos sê van hierdie onmisbare ergenis: "... die motorvoertuig het die kampus roekeloos en sonder voorbehoud opgekerf in 'n versameling verkeerseilande." (Roos, 1993)

Knooppunte

Die belangrikste knooppunte op die kampus was oorspronklik die twee pleine oos en wes van die ou hoofgebou gewees. Die harde en sagte landskap in albei gevalle en die plasing van 'n gebou in die westelike plein, het die vermoë van albei om menste te trek en te oriënteer, geneutraliseer.

Die Biblioteekplein, wat moontlik die belangrikste node op 'n kampus behoort te wees, het nooit as sulks gefunksioneer nie.

Bakens

Oorspronklik was "Die Bult" met sy kampus en hoofgebou een van die bakens van die groter stad. Intern was die toring van die hoofgebou 'n anker waaraan die universiteitsbevolking hulle kon oriënteer. Tans lees hierdie gebied nie meer as bult nie. Plantegroei, geboue en straatmeubels kamoeleer hierdie hoogte.

Beeldhouwerke speel dikwels 'n belangrike rol as kleiner fokuspunte op kampusse. President Steyn se standbeeld, met sy oorgroot voetstuk, kompeteer met die Hoofgebou, wat reeds 'n baken is. Andersins is kunswerke skaars op die kampus. 'n Beeldetuin iewers, met borsbeelde van groot figure wat aan die universiteit gekoppel was, sou kon help om identiteit aan een of ander hof of plein te gee.

Word daar gekyk na die sukses van die kampus as funksionerende stadslandskap na aanleiding van Van Zyl se vier kriteria van sentraliteit, toeganklikheid, gerief en geselligheid, dan moet onthou word dat hy hierdie kriteria ontwikkel het vir die voetgangerkern van die stad. Studente dui egter aan dat, hoewel hulle graag sou wou stap, hulle verkies om per motor van punt tot punt op die kampus te beweeg, omdat stap te ongerieflik is. Is vandag se studente maar net so lui en bederf, of is daar ander probleme?

Sentraliteit

Met sentraliteit word beoog om 'n hoë konsentrasie mense in die kerngebied bymekaar te bring. Om dit reg te kry, vra vir spesialisasies, keuses en sosiaal-ekonomiese aktiwiteite in hierdie area.

Die Italiaanse argitektuurteoretikus, Aldo Rossi, sien geboue wat belangrike stadsfunksies huisves as "monumente". (Broadbent, 1990: 170) Hierdie monumente kom gewoonlik in 'n kerngebied voor en huisves gespesialiseerde stadsfunksies. Die strate en pleine word gevorm deur die ruimte wat nie in beslag geneem word deur die "onafgebroke massa" ander geboue nie. Die kampus se monumente, die biblioteek, die arena, die konsertsaal, die teater, die kerk, die kafeteria en die binnehuise sportsentrum sit algar op die buitenste rand. Daardeur word konsentrasie in die sentrale gebied verlaag en die randgeboue net so min besoek as wat nodig is. Die biblioteek se isolasie word as een van die grootste probleme op die kampus ondervind. Damestudente kan dit saans slegs per motor besoek. Baie van hulle beskik nie oor vervoer nie.

In die dele waar onderrig hoofsaaklik plaasvind, ontbreek belangrike fasiliteite. Die studente sou graag 'n klein winkelsentrum naby die kern wou hê. Daar is

behoefte aan banke, 'n poskantoor, apteek, haarkapper en verskeie ander klein dienste. Omdat so iets net gedurende die universiteitsjaar funksioneer, sou dit ideale deeltydse werk aan studente kon verskaf. 'n Sentrale kafeteria is een van die belangrikste behoeftes. Die plein wes van die hoofgebou sou ideaal wees as hart van die kampus indien die wesblok dit nie onbruikbaar gemaak het nie.

Studente kla dat die verspreiding van dagaktiwiteite soos klastoe gaan, biblioteekbesoek, verversings by die kafeteria, sport- en verenigingsdeelname, kultuuraktiwiteite en terug na die koshuise moeilik sonder 'n motor geskied. Gevolglik word die geleenthede onderbenut.

Toeganklikheid

Die omgewing se ondersteuning van werklike en moontlike interaksies tussen groepe is hier ter sprake.

Die meeste geboue op die kampus lees as diskrete, introverte wêreld. Dit is soms moeilik om 'n gebou se ingang te vind. Soms wonder 'n mens wat agter die toe deure en geslote blindings aangaan. Die uitstalling voor die Geologiegebou is waarskynlik die enigste een wat laat blyk wat binne die mure aangaan.

Die roete na die sportgronde is vanaf 'n onverwagte punt op 'n gevaarlike kruising. Vir voetgangers is die sportvelde bykans ontoeganklik. Die roete daarheen is onherbergzaam, verwarrend en slegs vir motors bedoel.

Gerief

Moontlike en werklike skakeling tussen persone en geboue is hier ter sprake. Voetpaadjies is dikwels nie waar hulle benodig word nie, of is te nou of kronkel, of word kort-kort onderbreek. Randstene, pale, trappe en geparkeerde motors vorm obstruksies. Daar is 'n konflik tussen motorverkeer en voetgangers. Hoewel afstande meestal binne vyf minute looptyd is, beleef 'n persoon dit as veel langer, waarskynlik as gevolg van die onvriendelikheid en ongerief van die roetes. 'n Wandeling van die Argitektuurgebou na die kafeteria het meer as twintig obstruksies en meer as veertig wisselings van oppervlaktemateriaal beteken.

Sommige studente sou graag fietse wou benut. Daar is geen spesiale fietsroetes nie. Die strate is breed genoeg vir haastige verkeer, maar te nou om teen die spoed wat gery word, veilig op 'n fiets te voel. Die kampus is 'n goudmyn van besondere mense en interessante aktiwiteite. Mense wat van mekaar behoort te weet, kom nie by mekaar uit nie. Die opset van die kampus maak dit te ongerieflik.

Geselligheid

'n Universiteit is 'n soort mark. 'n Mark is 'n gesellige plek. Daar vind jy stimulus, veiligheid, ontspanning, deelname, seremonie en oriëntasie. 'n Mark vind op 'n straat of 'n plein plaas. Die ruimtes buite die kampus se geboue is esteties, eerder as funksioneel aangelê. Waar landskap tussen geboue voorkom, word die nie gebruik om geboue te verbind of buiteruimtes te vorm nie. Dit dra by tot 'n gevoel van plekloosheid.

'n Mens soek vir bankies op die twee pleine. Die steenwande van die blombakke voor die hoofgebou lyk of hulle ontwerp is dat mense nie daarop mag sit nie. Daar is nie kenningsgewingborde waar studente meestal verby beweeg nie. Die heinings en fonteine voor die Hoofgebou se boodskap is: "Bly van die gras af". Die Stabilislesingsale word druk deur talle studente besoek. Mens sou 'n pleintjie met bankies en koeltebome as 'n wagruimte by so 'n plek verwag. Die teer, beton en motors herinner meer aan 'n winkelsentrum se agterplaas.

Swak beligting en gebrek aan voetgangersweë ontmoedig damestudente om die kampusfasiliteite saans te gebruik.

Universiteitskoshuise se binnehowe is tradisioneel hulle fokuspunte. Die binnehowe van plaaslike koshuise word dikwels geteer en gebruik om wasgoed in op te hang. Die een binnehof van Huis Abraham Fischer vorm 'n aangename kontras met hierdie gebruik. Hierdie een koshuis spreek altyd van geselligheid en kreatiewe aktiwiteit.

Alles in ag genome, is die onveiligheid en disoriëntasie wat die motorvoertuig veroorsaak, die hooforsaak dat die gesellige en vriendelike atmosfeer, wat mens op 'n kampus verwag, nie werklik kan word nie. Die spoed, die gevaar, die geraas en die besoedeling van Dekansweg, naby die hart van die kampus, veroorsaak moontlik sielkundig 'n groter skeiding tussen die biblioteek en die res van die kampus, as die versoonke D F Malherberlyaan.

Spoedrekords word opgestel op Kanseliersweg met sy ses bane. Dit is nie verbasend dat die aansluiting van Fakulteitsweg by hierdie straat bekend is vir sy ongelukke nie. Voetgangers, meestal damestudente, wat hierdie straat naby die aansluiting moet oorsteek, is ontstel oor die gevaar daarvan.

Die pas geskilderde beeld van die kampus is miskien eensydig, maar dui tog op 'n probleem: die erosie van 'n stuk menslike ekologie. Waarom het die probleem ontstaan? Dit lyk nie of iemand opsetlik agterlosig was nie. Die universiteit beskik oor 'n goedbestuurde afdeling vir Fisiese Beplanning en Instandhouding. 'n Menigte verslae en kampusplanne het oor die jare die lig gesien. Die meeste van die genoemde probleme is uitgelig in hierdie verslae. Tans versamel die

verslae stof op die rakke, terwyl die probleme meer en meer word. Die gang van sake kan moontlik aan twee hoofredes toegeskryf word.

Die eerste is dat die negentiende en twintigste eeu periodes was van sogenaamde funksionalisme en spesialisasie. As gevolg van hierdie benadering is die verskillende komponente van die stad apart beplan deur spesialiste, sonder dat 'n persoon met oorsig en insig die geheel gekoördineer het. Die fisikus, Fridjof Capra, het daarop gewys dat funksionaliteit in ons tyd meganisties verstaan word - so asof mense en gemeenskappe soos masjiene funksioneer. Die behoefte is om na die mens en omgewing te kyk as 'n organisme binne 'n ekologiese veld.

Die tweede rede vir die genoemde probleme is dat beplanners en argitekte aan stede en geboue gedink het in terme van meesterplanne en objekte. Meesterplanne spreek gewoonlik nie die kompleksiteit en snelle verandering in die stad aan nie: hulle vergader gewoonlik stof terwyl alledaagse probleme *ad hoc* opgelos word. Objektegeboue is geboue wat los staan van ander geboue en in voorkoms en styl van hulle burre verskil. Sulke geboue, wat die mode geword het, vervreem en steriliseer hulle omgewings. Stad en kampus toon dieselfde simptome. Die kontroversies rondom Bloemfontein se beplanning onderstreep hierdie waarneming.

Die goeie nuus is dat daar vandag modelle van prosedures bestaan waardeur ons stede en kampusse weer geheel kan word. Voordat hulle bespreek word, behoort daar kortliks gekyk te word na 'n paar universiteitstipes uit die verlede en hede.

BENADERINGS

'n Gesiene teoretikus oor die stad, Joseph Rykwert, het aangedui hoe die stad altyd 'n fisiese afbeelding geword het van 'n gemeenskap se siening van homself. (Rykwert, 1988) Vanaf sy ontstaan in Bologna in 1100 tot vandag toe, het die universiteit, as stad binne die stad, die gemeenskap se selfbeeld versinnebeeld.

Oxford Universiteit is 'n bekende prototipe van die Middeleeuse universiteit. Dit is 'n kompakte universiteitstad bestaande uit howe wat formele landskap omsluit. Sy uitleg het 'n invloed gehad op universiteite soos Harvard en Lancaster. Die kampus is ingebed in die stadsweefsel, soos meeste Europese universiteite. Die jong Katolieke universiteit in die Duitse stadjie, Eichstätt, is besig om op 'n soortgelyke wyse met die stad te versmelt. In hierdie geval 'n simptoom van 'n wêreldwye verskynsel van herverstedeliking van die stad.

Die Amerikaanse universiteitstradisie hunker nostalgies terug na 'n hoofsaaklik Engelse verlede. Die rooi baksteengeboue, bedek met klimop en gerangskik op groen grasperke tussen groot bome, het waarskynlik sy oorsprong in die "village

green", die oop ruimte in Engelse dorpie. Thomas Jefferson se barokuitleg rondom so 'n grasperk vir die Universiteit van Virginia, is 'n waardige voorganger vir die VSA se bykans 3 600 universiteite en kolleges. Soos in die Amerikaanse stad, is die model dié van die stad as park. Die Engelse landskapargitek, Nan Fairbrother, het gesê: "A town is a special sort of park in the countryside." (Fairbrother, 1972: 315)

Die omwenteling in vervoermiddels, deur die Industriële Rewolusie veroorsaak, het geboorte gegee aan die voorstad. 'n Voorstad is eintlik 'n anti-stad. In teenstelling met die tradisionele stad, waar al die aktiwiteite van mense se lewens vermeng in een gebied plaasgevind het, gebeur hoofsaaklik slegs een aktiwiteit, soos om te woon, in die voorstad. Die opkoms van die middelklasse het tot 'n onderwysontploffing gelei. Dat die twintigste eeu se universiteit soos 'n voorstad in die landskap buite die stad beland het, is dan ook nie verrassend nie. Voorbeelde hiervan is verskeie Engelse universiteite uit die sestigerjare. Die universiteit van Essex, wat in 'n agtiende eeuse park geplaas is, is 'n goeie illustrasie van hierdie neiging. Plaaslik is die Universiteit van Port Elizabeth simptome van kampusse wat introverte sateliete van hulle stede geword het.

Die hopelik laaste fase in die aftakeling van die stad en stedelikheid is die ontstaan van reuse winkelsentrums op die stadsrand. Hulle is gewoonlik na binne gekeer en omring deur 'n see van motors. Hierdie verskynsels, wat die stadskern leegsuig, se beginsels het ook die basis geword van die megastruktuur kampus.

John Andrews se gevierde Scarborough College en die RAU is voorbeelde van hierdie soort anti-stedelike, introverte strukture.

In die Suid-Afrikaanse konteks is die Universiteit van Kaapstad met sy Beaux-Arts-uitleg 'n mooi voorbeeld van die oorspronklike voorstadstipe universiteit. Dieselfde kan van die Universiteit van Pretoria gesê word. Albei het intussen deur stedelike uitbreiding begin saamsmelt met die stad. In die geval van Kaapstad het versigtige beplanning tot 'n harmonieuse simbiose gelei. Die Witwatersrandse Universiteit is, soos die Universiteit van Stellenbosch, in die stad ingebed. Eersgenoemde het 'n uitleg wat, soos Jefferson s'n, om 'n groot grasperk, in drie terasse gerangskik is. Aan die suidekant, op die hoogste vlak, is die dramatiese hoofgebou en op die laagste vlak, noord, die swembad, omring deur 'n aantreklike amfiteater.

Die Potchefstroomse Universiteit, stedelik in karakter, het 'n studentesentrum in die hart van die kampus. Hierdie kompleks, wat die meerderheid van die universiteit se sosiale en kommersiële fasiliteite huisves, is self soos 'n klein stad

met 'n interne hoofstraat. Dit omring sy eie stadsplein en amfiteater en is oor die hoof sirkulasieroete van die kampus geplaas.

Die Engelse stedelike geograaf, Emrys Jones, het daarop gewys dat daar tans oor die hele wêreld megastede ontstaan. Wat is die toekoms van die universiteitstad binne hierdie "metropolis"? Die organiese model van Fridjof Capra skyn een moontlikheid te bied. Hy het daarop gewys dat rasionele Cartesiese modelle te meganisties is. Die organiese model, wat hy voorstel, kan beste met die politiese term as "federaal" beskryf word. Sy siening kan verduidelik word deur middel van 'n beskrywing van 'n menslike wese. Sêlfte vorm weefsel, weefsel vorm organe, die organe saam vorm die mens en dié vorm weer deel van 'n gesin, 'n gemeenskap, 'n stad, ensomeer. Van die verhouding tussen elke fase, sê hy: "Elke subsisteem is 'n relatiewe outonome subsisteem, terwyl dit ook 'n komponent is van die groter organisme." (Capra, 1988: 303) Verder "... meeste organismes is nie alleen ingebed in 'n ekosisteem nie, maar is in sigself 'n komplekse ekosisteem." (Ibid: 303) Hierdie benadering, wat tot die kleinste eenheid van 'n stad deurgevoer kan word, is elders as 'n sisteem vir die stad deurgewerk. (Britz, 1990: 110-123) Dit bied 'n model vir die universiteit, wat reeds in sy organisasie 'n afwenteling na groter outonomie vir fakulteite en departemente nastreef.

By 'n bestaande universiteit het Capra se model 'n beperkte fisiese toepassing, omdat bestaande strukture net tot 'n mate omskep kan word. Daarom is die benadering van Bernard Tschumi in sy baanbrekende Parc la Villette (1982-83) in Parys interessant. Die konsep van "collage", wat sy oorsprong het in die skilderye van Picasso en Braque, is hier gebruik as die ontwerpbeginsel vir 'n park. In 'n "collage" word 'n aantal, dikwels teenstrydige elemente, saamgevoeg om 'n nuwe entiteit te vorm. Hierdie nuwe entiteit het 'n eie sterk identiteit, wat dikwels sy krag uit die kontras van die onderdele put. Die onderdele verloor nogtans, soos in Capra se model, nie hulle eie identiteit as gevolg van die samevoeging nie. Tschumi se parkontwerp bestaan uit die oormekaarplasing van drie verskillende sisteme, sg. "follies", roetes en landskap. Elkeen behou sy uniekheid en dra nogtans by tot 'n dinamiese geheel. Vir die moderne stad, soos vir die kampus, hou die idee van groepe geboue, bewegingsisteme en landskapsisteme wat elk sterk eie ordes besit en tog versigtig op mekaar afgestem is, opwindende moontlikhede in. Die plaaslike kampus sou 'n prototipe van so 'n model kon wees.

RIGLYNE

Uit wat oor die probleme van die kampus gesê is, sou dit maklik wees om te sê dat dit nou heel eenvoudig is om te weet hoe om die universiteit se kampus te

verbeter: die motorvoertuig moet hokgeslaan word; 'n sterk voetganger-sirkulasiesisteem moet ontwerp en gebou word; 'n funksionele landskapsplan moet uitgewerk word en die verbinding met die stad oor Akademieweg moet herstel word. Hierdie voorstelle is egter niks nuuts nie en verder gebeur ook niks nie.

Die probleem lê dieper. Die proses waarvolgens die voortdurende metamorfose van die kampus plaasvind, moet herontwerp word. 'n Bewussyn van hoe belangrik die samehang met sy ekosisteem vir die oorlewing van die organisme is, is eers nodig. Van bo tot onder, regdeur die universiteit, is daar 'n wilsbesluit nodig dat die probleem bestaan en dat dit aangespreek moet word. Dan sou 'n bekwame persoon, moontlik 'n stedelike ontwerper, in 'n posisie geplaas moet word om 'n proses van interaksie met alle belanghebbende partye te begin en aan die gang te hou. Die klem val hier op twee aspekte: alle **partye en prosesse**. Alle partye sluit die nederigste studente, die rektoraat, dosente, die stad, die wyer gemeenskap, donateurs en nog baie ander in. Die proses kan geskoei wees op dié wat suksesvol gebruik word by die ontwikkeling by die Victoria en Alfred Dokke in Kaapstad. So 'n proses bestaan uit 'n kombinasie van raadplegingsmeganismes, bestuursbeginsels en ontplooiende ontwerpaktiwiteite. Dit is in elk geval nodig dat 'n proses ontwerp moet word wat aangepas is by die eie aard van die universiteit. Omdat 'n universiteit se meule stadig maal en fondse beperk is, word van aaneenlopende inkrimentele transformasie gepraat. Die alternatief is om maar aan te gaan soos voorheen. Dit sal wees om soos 'n boer te maak wat net elke jaar sy lande ploeg en sy mielies plant, sonder om iets terug te sit in die grond. Een of ander tyd gaan hy nie eers die saad wat hy geplant het, oes nie.

"... man both influences his environment and total man (physical, economic, cultural, psychological man) is influenced by his environment". (Uytenbogaardt & Dewar 1991: 7)

Wat het die blou Mercedes met dit alles te doen? Die frustrasie om byna daaglik deur hom voorgekeer te word op die kortste voetgangerspad tussen die argitektuurgebou en die kafeteria, het aanleiding gegee tot hierdie rede!

BIBLIOGRAFIE

BRITZ, B. 1990. Conceptual Approaches in Urban Design and their Applicability to an Evolving African City. Ongepubliseerde M U D dissertasie. Universiteit van die Witwatersrand.

BROADBENT, G. 1990. Emerging Concepts in Urban Space Design. Van Nostrand Reinhold (International), London.

CAPRA, F. 1982. The Turning Point. Flamingo, Fontana Paperback, London.

CORREA, C. 1989. The New Landscape. Butterworth Architecture.

FAIRBROTHER, N. 1972. New Lives. New Landscapes. Penguin Books, Middlesex.

LYNCH, K. 1960. The Image of the City. M I T Press, Cambridge Massachussets.

MUMFORD, L. 1984. The City in History. Penguin Books, Harmondsworth, Middlesex.

NORBERG-SCHULZ, C. 1976. The Phenomenon of Place in AAQ Vol 8, no 4.

NORBERG-SCHULZ, C. 1985. The Concept of Dwelling. Rizzoli, New York.

ROOS, P G v W. 1993. Brief aan die outeur.

RYKWERT, J. 1988. The Idea of Town (Pb) M I T Press, Cambridge Massachussets.

TOFFLER, A. 1990. Powershift. Bantam Books, New York.

TYNG, A. 1989. Beginnings. John Wiley & Sons, New York.

UYTENBOGAARDT, R and DEWAR, D. South African Cities: A Manifesto for Change. Mills Litho Ltd, Cape Town.

VAN ZYL, W. 1986. Die Voetganger in die Stadkern. Dept. Stads- en Streekbeplanning, UOVS, Bloemfontein.

